

Dinsdag 25 April

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:6-14

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:6, 7

Gees van krag en liefde en selfbeheersing

Om voort te bou op die positiewe geloofsagtergrond van die jong Timoteus herinner Paulus hom aan die genadegawe wat sy deel geword het met die simboliese handoplegging om aan te toon dat hy as dienskneg van God verkies is. Hy moet hierdie ampsgenade wat soos 'n kooltjie onder die as smeul, aan-blaas deur gebed, getuienis en dade van geloofsvertroue, sodat dit weer met 'n vlam kan brand. Die genadegawe bly nie vanself aan die lewe nie; dit moet gekoester en aangewakker word.

Timoteus was van nature vreesagtig en bangerig om iets ongewoon te doen. Paulus besef, al is hy in die gevangenis, is God nog in beheer. Daarom herinner hy Timoteus daaraan dat, in die plek van sy eie vreesagtigheid, God deur die Heilige Gees aan hom 'n gees van krag en liefde en selfbeheersing gegee het.

Iemand wat nie die gawes wat hy ontvang het, gebruik en ontwikkel nie, is soos 'n man wat 'n lamp ontvang het, maar laat doodgaan het, en nou sit hy met skuldgevoelens in die donker.

Met die Gees rus God vandag nog geroepe dienaars toe. Elke gelowige is deur die Heilige Gees tot priester, profeet en koning gesalf. Laat elkeen van ons dus ons gawes met 'n lus en 'n vreugde tot eer van God gebruik.

Sing: Skrifberyming 15:2

Ds. Simon Hibbert (Koster)